

Ds. A. W. C. Bester  
Vredendal Wes  
19 Maart 1978

Onderwerp: Die Huwelikslewe  
Lees: Maleági 2 verse 8 tot 16  
Teks: Maleági 2 vers 14  
Sing: Psalm 130 verse 1 en 4  
Gesang 66 vers 1

“... die HERE is getuie tussen jou en die vrou van jou jeug...”

“Hierdie woorde in die Godspraak van Maleági is meer as ’n ernstige waarskuwing, meer as ’n vermaning. Dit is ’n verklaring, ’n aankondiging. Dit verklaar waarom God nie meer die godsdiens van sy volk aanneem nie.

“Die volk vra: waarom het die HERE nie meer ’n welgevalle aan ons godsdiens nie?

“Die HERE antwoord: ‘Omdat die HERE getuie is tussen jou en die vrou van jou jeug.’

“God het die huwelik ingestel. Hy het dit ’n belangrike instelling in die kerk en die volk gemaak. Soveel só, dat sy wakende oog altyd op man en vrou bly. Hy hoor alles wat gesê word en alles wat gedink word. Hy sien alles wat gedoen word en wat nagelaat word. Hy is oor- en ooggetuie van alles wat tussen man en vrou gebeur. Hy getuig voor die Hemelse gereghof oor huweliksake. Hy spreek ook self die oordeel uit - Hy wat alles weet.

“Waaroor gaan sy getuienis? Oor trou en ontrou.

“God eis van man en vrou huwelikstrou. En Hy stel sy wag nie eers by die daad van owerspel nie. Nee, Hy staan as getuie by jou hart en by jou oog. Jesus Christus sê: ‘Maar ek sê vir julle dat elkeen wat na ’n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het.’ (Mat 5:28)

“Huwelikstrou. Daaroor moet ons met jaloersheid waak. Dit beteken nie dat jy jaloers moet raak oor die trou van jou huweliksmaat nie, maar oor jou eie trou, in jou hart en in jou oog. Wees getrou en vertrou jou maat. Dit is die geloofsvertrou waaruit ’n mens leef.

“God is die altyd teenwoordige getuie, wakende oor ons huwelikstrou. Die HERE staan ook as getuie oor die huweliksgemeenskap.

“Die Woord van God tref ’n mens telkens weer met sy nugtere en praktiese inslag. In die huwelik het Hy man en vrou gestel as metgeselle. Jou metgesel, Broers en Susters, is iemand wat jou vergesel, wat saam met jou die pad loop. Dit vereis meeleving, saam belewe van alles wat op die pad kom.

“Metgeselle is mekaar tot hulp en steun. Dus God staan as getuie by die huwelik dat man en vrou nie elkeen sy eie koers en eie pad loop nie. Dit is nie twee lewenspaie wat net soms kruis nie. Metgeselle wandel op een pad saam. Hierdie groot en praktiese waarheid wat God se Woord ons leer, word te veel verontagsaam, met vernietigende gevolge vir die huwelikslewe.

“Dit is ’n tragedie, die huwelikslewe waarin man en vrou mekaar as metgeselle verloor het. Mans wat so besig is met die finansiële versorging van die gesin; só besig om die status van die gesin op te bou in die maatskappy; vergaderings op vergaderings; só besig om vir sy metgesel te sorg, dat hy in die proses sy metgesel verloor. Êrens langs die besige lewenspad het hy haar hand gelos, het hy opgehou om haar as geestelike maat saam met hom op die pad te neem.

“Natuurlik kan dit met die vrou ook só wees: só besig met die werk waarmee sy die inkomste van die gesin aanvul; só besig met vergaderings en komitees; só besig met die kinders, só besig dat sy haar hand uit die hand van haar man trek en haar metgesel êrens langs die pad verloor.

“Broers en Susters, man en vrou wat nie gedurig sorg dat hulle mekaar te midde van die vol en besige lewe as metgeselle behou nie, gaan mekaar êrens op uiteenlopende paaie verloor, wat vorentoe altyd moeiliker weer sal saamvloei.

“Langs die besige lewenspad staan God as die altyd teenwoordige getuie en Hy weet: gee ek myself as metgesel? Neem ek my maat saam met my op die lewenspad sodat ons metgeselle bly?

“Die HERE staan ook as getuie oor die binding van die huwelik. Die huwelik is ’n verbond. In die huwelik is ’n mens nie meer los nie, maar gebonde. Dit bind! God bind die band. Onlosmaaklik en heilig is die band wat twee mense saam bind tot een vlees.

“Net die gruwel van owerspel breek die band en stel die onskuldige vry. Net owerspel en die dood breek die band. Die verbinding is vas en heilig. Die Skrif gebruik hier dieselfde woord vir huweliksverbond as vir die genadeverbond tussen God en sy volk. Die

huweliksverbond eis jou dus op. Man en vrou gee daarin nie iets aan mekaar nie, hulle gee hulself aan mekaar.

“Met hierdie verbond tussen man en vrou bou God sy verbondsgeslag. Sy verbond is met ons én ons kinders. Daarom is dit so ’n gruwelike sonde as selfsug en ydele oorwegings ons weerhou om in ons huwelikslewe die verbondsgeslag van God te laat groei. Ook by ons kinders staan die HERE as getuie.

“Die HERE wend Hom nie meer tot die offers van Israel nie. Hy neem hulle offers nie meer aan nie. Dit is vir Hom nie meer welgevallig nie. So staan dit in vers 13 geskryf. Dit beteken dat God Israel se godsdiens verwerp het.

“Kan u begryp wat dit beteken as die HERE ’n mens se godsdiens verwerp?

“Vir die ware gelowige beteken dit smart. Dit staan ook in vers 13: Israel bedek die altaar met trane en geweene en versugtinge. Smart! As gevolg van verwydering tussen my en my God. My gebede word verhinder.

“Verwydering tussen my en my God. Waarom? Omdat daar so ’n diep verwydering gekom het tussen jou en jou vrou, tussen jou en jou man. So antwoord die HERE Israel.

“En kan ons dit nou waag om te ontken dat in ons land en onder ons volk en selfs in die geledere van die kerk, dat die verbreking van die huwelik ’n onstellende bedreiging geword het. Die huweliksbande is losgeruk. Die egskeidingshowe is vol!

“Ek haat egskeiding sê die HERE. En Hy staan as getuie tussen elke man en vrou.

“Daar is ’n gruwelike sondeskuld wat ook op die RSA rus. Ons het die tweede hoogste persentasie egskeidings ter wêreld. En egskeiding is maar die uiterste openbaring van die kwaad. Ons egskeidingshowe en egskeidingswette is ’n bespotting van God. Hy staan daar nie as ’n getuie wat erken word nie, want aan die orde is kunsmatige, kwaadwillige verlating, vooraf beplande en haarfyn gereelde ooreenkomste. Die hofbevel is in baie gevalle slegs ’n rubberstempel op die willekeur van die sonde. Dit is meer as tyd dat die stryd teen die losse huweliksband en die maklike egskeidingsbevele aangeknoop word.

““Ek haat egskeiding’ sê die HERE. En die HERE ag die huwelik van so ’n ernstige belang, dat Hy hom afwend van wie dié verbond skend.

“God wend Hom af van ’n volk wat met die huwelik só ligsinnig handel.

“God is getuie van die sondes van ons huwelikslewe. Mag hierdie oorweldigende wete ons tot besinning ruk, sodat daar trou en bekering sal wees. Want daarom het God die Godspraak van Maleági gegee, om hulle tot berou en bekering te roep.

“Maar laat ons ook troos in die afkondiging hoor. Dit beteken: God bemoei Hom ernstig met die huwelik. Hy ag dit van die hoogste belang. Wees dan verseker van sy almagtige en genadevolle hulp. Hy kan jou huwelik red. Hy deel juis deur die huwelik ryke en heerlike genadegawes uit. Hy genees ook die krankhede van jou huwelikslewe.

“Ook vir ons huweliksondes het sy geliefde Seun gesterf aan die kruis. In sy bloed is daar ook genesing vir huwelikswonde.

“Wanneer donderstorms oor jou huwelik woed en Satan listige aanslae daarteen loods, wees getroos en vol moed. God is getuie tussen man en vrou. Die Here is daar. Hy hou die wag.

“Wat sal ons doen? Waak met jaloersheid oor jou eie trou. Gryp mekaar se hande vas as metgeselle. Eerbiedig die band wat God tussen julle bind.

“En jongman en jongdogter, moenie oor jou huwelik bid nadat jy self, alleen en klaar ’n maat gesoek het nie. Begin in gebed. Vra God om jou een van sy kinders as huweliksmaat te gee. ’n Geseënde huwelik begin nie die dag as jy die huweliksregister teken nie. Dit begin by die fondament waarop jy staan as jy ’n huweliksmaat soek. In die HERE, óf buite die HERE.

“Wie die huwelik in die HERE soek, belewe en opbou, vind daarin ’n rykdom van God se genade.

“Amen.”